education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

REKENINGKUNDE

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordeboek van 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en voer dit noukeurig uit.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK waarin AL die vrae beantwoord moet word, word voorsien.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Kandidate sal punte vir die volgende verbeur:

   4.1 Weglating van belangrike datums
   4.2 Gebruik van niegestandaardiseerde afkortings
   4.3 Oormekaarskryf van syfers
   4.4 Onnodige inskrywing/vreemde items/beginselfoute

5. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

6. GEEN bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

7. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van hierdie vraestel. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDGIDS (MINUTE)
1	Beslote Korporasie	47	28
2	Begroting	39	23
3	Klub	54	33
4	Vennootskap	60	36
5	Bankversoening	40	24
6	Maatskappy	60	36
		300	**180 minute**

VRAAG 1

BESLOTE KORPORASIE **(47 punte; 28 minute)**

R & B Verspreiders is 'n beslote korporasie wat deur Rob en Busie besit word.

OPDRAG:

1.1 Ontleed die transaksies volgens die kolomme soos hieronder aangedui:

Nr.	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bedrag

(42)

1.2 Verwys na 1.1.2: Daar word vir jou gesê dat 'n week nadat Rob se persoonlike rekenaar na die onderneming oorgedra is, dit gebreek het en nie herstel kon word nie.

1.2.1 Indien jy Busie was, wat sou jy aan Rob sê? (1)

1.2.2 Gee aan Rob TWEE opsies om hierdie probleem op te los. (2 x 2) (4)

INLIGTING:

Saldo's aan die einde van die vorige jaar

Ledebydrae		310 000
Lening aan Busie		30 000
SAID (Inkomstebelasting)	Kt	12 000
Verdeling betaalbaar aan lede		98 000

Transaksies gedurende die jaar

1.1.1 Betaal die bedrag verskuldig aan die SAID.

1.1.2 Rob het 'n persoonlike rekenaar, gewaardeer teen R20 000, na die onderneming oorgedra en het versoek dat dit as 'n verhoging van sy ledebydrae beskou moes word. Busie het tot hierdie bydrae toegestem.

1.1.3 Betaal die verdelings van die netto wins verskuldig aan die lede.

1.1.4 Busie het versoek dat sy ledebydrae verminder moet word sodat hy sy lening by die onderneming ten volle kan terugbetaal.

1.1.5 Betaal R31 000 se voorlopige belasting aan die SAID.

Aansuiwerings en sluitingsoordragte op die laaste dag van die finansiële jaar

1.1.6 Nadat die Wins-en-Verliesrekening afgesluit is, toon die rekening 'n netto wins van R380 000.

1.1.7 Die totale inkomstebelasting vir die jaar beloop R95 000.

1.1.8 Die lede besluit om 70% van die **netto wins na belasting** tussen hulle te verdeel.

47

VRAAG 2

BEGROTING **(39 punte; 23 minute)**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Cassim Handelaars.

OPDRAG:

2.1 Voltooi die Invorderingskedule van Debiteure vir Cassim Handelaars vir April 2008. Maart se syfers word aan jou voorsien. (4)

2.2 Stel 'n Kontantbegroting vir Cassim Handelaars op vir die tydperk 1 Maart 2008 tot 30 April 2008. (29)

2.3 Beantwoord die volgende vrae:

2.3.1 Verduidelik waarom 'korting toegestaan' nie in die Kontantbegroting voorkom nie. (2)

2.3.2 Die werkers is baie ontevrede met hul lone. Gee TWEE redes waarom hulle ongelukkig is. (2 x 2) (4)

INLIGTING:

1. Die bankrekening in die Algemene Grootboek toon op 28 Februarie 2008 'n kredietsaldo van R1 560.

2. Totale verkope beloop die volgende:

Werklik
- Januarie R33 000
- Februarie R40 000

Begroot
- Maart R40 000
- April (Die verwagting is dat die verkope met 10% sal styg bo die verkope van Maart.)

60% van alle verkope is op krediet. Invorderings van debiteure sal na verwagting soos volg wees:
- 30% in dieselfde maand van verkope
- 50% na 30 dae
- 20% na 60 dae

3. Alle aankope is op krediet.

Werklike aankope
- Januarie R24 000
- Februarie R24 000

Begrote aankope
- Maart R25 000
- April R27 500

Krediteure word na 30 dae stiptelik betaal, omdat die onderneming 5%-korting ontvang vir stiptelike vereffening.

4. Bedryfsuitgawes vir Maart beloop R13 500 en bly konstant oor die begrotingstydperk.

5. Waardevermindering beloop R1 200 per maand.

6. Die onderneming verhuur 'n stoorkamer aan T Singh vir R2 500 per maand. Die huur sal jaarliks met 15% op 1 Maart styg.

7. Die eienaar onttrek elke maand R10 000 se kontant uit die besigheid vir sy persoonlike uitgawes.

8. Die bestuurder verdien 'n jaarlikse salaris van R96 000. Hy word maandeliks betaal. Sy maandelikse salaris sal met R960 op 1 April 2008 styg.

9. Daar werk drie deeltydse winkelassistente vir die onderneming. Hulle verdien elk R2 000 per maand. Hulle sal elk 'n loonverhoging van R50 per maand vanaf 1 April ontvang. Een van die werkers sal met ingang van 1 April 2008 bedank.

10. Die onderneming plaas advertensies in die plaaslike koerant. Elke advertensie kos R900. Hulle beplan om vier advertensies gedurende Maart te plaas en drie gedurende April.

39

VRAAG 3

KLUB **(54 punte; 33 minute)**

Die onderstaande inligting is uit die boeke van LADUMA Sokkerklub geneem.
Die rekenpligtige tydperk van die klub eindig jaarliks op 31 Desember.

OPDRAG:

3.1 Ledegeldrekening (16)

3.2 Die Inkomste-en-uitgawestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2007.
LET WEL: Berekeninge moet tussen hakies getoon word om deelpunte te verdien. Sommige van die syfers is vir jou ingevul. (31)

3.3 Die klub verwag om R1 000 wins op die verkoop van klubwapens te maak. Sommige van die klubwapens is waarskynlik gesteel. Bereken die koste van die wapens wat gesteel is. (3)

3.4 Noem TWEE maniere waarop die klub die sekuriteit van die klubwapens kan verbeter. (2 x 2) (4)

INLIGTING:

LADUMA SOKKERKLUB
SALDO'S OP 1 JANUARIE 2007

	Debiet	**Krediet**
Vooruitontvange inkomste (Ledegeld)		720
Opgelope inkomste (Ledegeld)	2 400	
Toerusting	150 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		28 500

OPSOMMING VAN DIE ONTVANGSTE EN BETALINGS
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2007

ONTVANGSTE	**R**	**BETALINGS**	**R**
Intreegeld (R600 elk)	6 000	Water en elektrisiteit	2 940
Ledegeld	23 040	Aankope van klubwapens	2 400
Verkope van klubwapens	1 500	Skryfbehoeftes	460
Rente-inkomste (ASA Bank)	600	Ledegeld terugbetaal	240
Donasies	24 700	Bankkoste	810
		Toerusting	12 000
		Diverse uitgawes	3 500
		Rente op lening	6 000

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

1. Ledegeld is R240 per lid per jaar.

2. Intreegeld: 50% moet as lopende inkomste beskou word; 50% is gekapitaliseer.

3. Van die ledegeld verskuldig op 31 Desember 2006 is R960 ontvang. Die verskil moet afgeskryf word en die uitstaande lede se lidmaatskap is op 1 Januarie 2007 beëindig.

4. Sewe lede het hulle ledegeld vir 2008 vooruitbetaal, terwyl agt lede se ledegeld vir 2007 nog ontvangbaar is.

5. Skryfbehoeftes voorhande op 31 Desember 2007 beloop R255.

6. Bankkoste vir Desember deur die bank gehef, beloop R95. Dié transaksie is nog nie in die klub se boeke geboekstaaf nie.

7. Die rente op die spaarrekening, R40, is direk in die spaarrekening herbelê. Dié transaksie is nog nie aangeteken nie.

8. Die lede het vir 'n bedrag van R500 as 'n honorarium vir die sekretaris gestem, maar dit is nog nie betaal nie.

9. Volgens 'n fisiese voorraadopname op 31 Desember 2007 is daar nog R300 se klubwapens voorhande.

10. Die Water-en-elektrisiteitrekening vir Desember 2007, R390, is uitstaande op 31 Desember 2007.

11. Waardevermindering op toerusting moet in berekening gebring word teen 10% per jaar volgens die afnemendesaldo-metode. Nuwe toerusting ter waarde van R12 000 is op 1 Desember 2007 kontant aangekoop en behoorlik geboekstaaf.

12. Die surplus vir die jaar is korrek bereken nadat die bostaande inligting in berekening gebring is. Die bedrae is:

Surplus van algemene aktiwiteite voor rente	R30 770
Netto surplus vir die jaar na rente	R25 410

54

VRAAG 4

VENNOOTSKAP **(60 punte; 36 minute)**

Robbie en Pradip is vennote in ROBDIB Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2007.

OPDRAG:

4.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek:

4.1.1 Privaat rekening: Pradip (14)

4.1.2 Verdelingsrekening (13)

4.2 Stel die aantekeninge by die finansiële state op 28 Februarie 2007 op vir:
Kapitaal deur die vennote voorsien (9)

4.3 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2007. Sekere inligting is vir jou ingevul. Toon bewerkings tussen hakies waar nodig. (20)

4.4 Vennoot Pradip het 'n ander werksaanbod gekry en wil sy deel in die vennootskap vir R500 000 aan jou verkoop met die goedkeuring van sy vennoot (Robbie). Gee TWEE redes waarom jy nie hierdie aanbod van Pradip sal aanvaar nie. (4)

INLIGTING:

SALDO'S OP 1 MAART 2006

	R
Kapitaal: Robbie	450 000
Kapitaal: Pradip	250 000
Privaat rekening: Robbie	15 750
Privaat rekening: Pradip (Dt)	12 388

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. Die netto inkomste volgens die Wins-en-verliesrekening beloop R264 000. Vennoot Robbie het sy kapitaal op 1 September 2006 met R50 000 verhoog.

2. Vennoot Pradip het R40 000 van sy kapitaal op 28 Februarie 2007 onttrek.

3. Rente op kapitaal word teen 10% per jaar bereken.

4. Die vennote is geregtig op die volgende salarisse:
   - Robbie – R84 000 per jaar
   - Pradip – R72 000 per jaar

5. Die vennote Robbie en Pradip verdeel die oorblywende winste/verliese in die verhouding 3:2 respektiewelik.

6. Onttrekkings deur die vennote:
   - Robbie – R42 050 kontant en R15 000 se handelsvoorraad
   - Pradip – R87 500 kontant en R12 000 se skryfbehoeftes

Die volgende syfers/totale het in die Aantekeninge by die Balansstaat op 28 Februarie 2007 verskyn:

	R
Kapitaal	?
Privaat rekening: Robbie	111 500
Privaat rekening: Pradip	?
Lening van Protea Leners	400 000
Vaste bates – teen boekwaarde	953 812
Vaste deposito (verval in 2009)	70 000
Spaarrekening by die bank	23 000
Handelsvoorraad	210 000
Oortrokke bankrekening	24 000
Handels- en ander ontvangbares	92 000
Handels- en ander betaalbares	104 000

60

VRAAG 5

BANKVERSOENING **(40 punte; 24 minute)**

Footprint Skryfbehoeftes het 'n lopende bankrekening by Progress Bank.

OPDRAG:

5.1 Stel die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Junie 2007 op. Tel slegs die bankkolomme op. (22)

5.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2007 op. (18)

INLIGTING:

1. Items wat in die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2007 voorgekom het:

Bankstaat toon 'n gunstige saldo		7 800
Tjeks nog nie aangebied vir betaling nie:		
	Nr. 320	1 200
	Nr. 346	700
	Nr. 377	2 000
Uitstaande deposito		6 650
Debietsaldo volgens die bankrekening		10 550

2. Items wat in die Kontantjoernale vir Junie 2007 voorgekom het, maar nie in die Bankstaat vir Junie 2007 nie:

- Potloodtotale van KOJ – R34 780 en KBJ – R29 960
- Tjek nr. 401 vir R3 100
- Tjek nr. 422 vir R450
- Tjek nr. 433 vir R700
- 'n Deposito van R7 500

3. Items wat in die Bankstaat vir Junie 2007 voorgekom het, maar nie in die Kontantjoernale vir Junie 2007 nie:

- Tjek nr. 320 vir R1 200 en tjek nr. 346 vir R700
- 'n Deposito van R6 650
- 'n Aftrekorder ten gunste van Budget Versekeraars, R3 000, vir die versekering van die handelsvoorraad
- Die maandelikse huur van R800 direk deur die huurder, Linda Bloemiste gedeponeer
- Die volgende debietinskrywings:
  - Diensgelde, R200
  - Kontanthanteringsfooie, R122
  - Tjekboek, R21
- Kredietsaldo van R11 577 op 30 Junie

4. ADDISIONELE INLIGTING:

Tjek nr. 377 is op 30 Desember 2006 aan Philani Weeshuis as 'n donasie uitgereik. Die tjek het verlore geraak en moet gekanselleer word. Reik 'n nuwe tjek, nr. 501, vir R2 500 uit en lewer die tjek op 30 Junie 2007 met die hand af. Nog geen inskrywings is gemaak nie.

40

VRAAG 6

MAATSKAPPY **(60 punte; 36 minute)**

Eyakho Beperk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 50 000 aandele teen R5 elk. Die finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie.

OPDRAG:

Voltooi die volgende aantekeninge by die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007:

- Vaste bates (20)
- Voorraad (5)
- Handels- en ander ontvangbare bedrae (8)
- Kontant en kontantekwivalente (5)
- Handels- en ander betaalbare bedrae (11)
- Behoue inkomste (11)

LET WEL: Sekere besonderhede en bedrae is alreeds vir jou in die ANTWOORDEBOEK ingevul.

INLIGTING:

1. NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2007

	DEBIET	KREDIET
Balansstaatrekeninge		
Gewone aandelekapitaal		225 000
Aandelepremie		31 500
Behoue inkomste/Opgehoopte wins		66 260
Grond en geboue	278 300	
Ander vaste bates teen drawaarde	209 600	
Handelsvoorraad	43 800	
Debiteurekontrole	39 500	
Voorsiening vir oninbare skuld		790
Bank	7 600	
Wisselgeld/Los kontant	400	
SA Inkomstediens (Inkomstebelasting)		23 500
Krediteurekontrole		48 010
Lening van Bahumi Bank		150 000
Vaste deposito: Ultimate Bank	20 000	
Verbruiksgoedere voorhande	2 650	
Vooruitontvange inkomste		1 700
Opgelope uitgawes		1 850
Vooruitbetaalde uitgawes	760	
Aandeelhouers vir dividende (Finale dividend)		54 000
	602 610	**602 610**

2. ADDISIONELE INLIGTING:

2.1 Die vaste bates op 1 Maart 2006 was soos volg:

	Kosprys	**Opgehoopte waardevermindering**
Grond en geboue	278 300	0
Voertuie	160 000	99 600
Toerusting	68 000	13 600

2.2 Die onderneming verkoop op 1 Maart 2006 die een voertuig wat hulle besit het vir R65 500 kontant. Die verkoop van die voertuig is korrek en behoorlik geboekstaaf.

2.3 'n Ander voertuig is op 1 September 2006 by Speedy Motors vir R180 000 kontant aangekoop. Dié transaksie is in die besigheid se boeke geboekstaaf.

2.4 Geen ekstra grond en geboue of toerusting is deur die jaar aangekoop of verkoop nie.

2.5 Waardevermindering op toerusting is bereken teen 10% p.j. op die kosprys en teen 20% p.j. op voertuie volgens die afnemendesaldo-metode.

2.6 Die **netto wins na belasting** vir die jaar beloop R101 060.

2.7 Dividende is soos volg verklaar:

- Interim – 50 sent per aandeel
- Finaal – 120 sent per aandeel

60

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou